10 MAART 2017

FAMILIE TUISBLAD

Lukas 4:1-13

ons storie

Praat as gesin 'n bietjie oor versoekings, is dit iets waaroor 'n mens maklik praat of moeilik en hoekom sê jy so?
Vertel vir mekaar watter versoekings is vir julle die ergste?
Praat ook watter versoekings die meeste na vore kom.

ons nuwe storie

Omdat Jesus versoekings oorwin het kan ons ook versoekings oorwin.
Die eerste stap van oorwinning begin met die wete dat jy kan! Jy is in staat om dit te oorkom- Jesus maak dit moontlik.
Praat met mekaar oor julle versoekings maar nou vanuit die wete dat ons kan oorwin. Hoe gaan ons dit nou ander benader?

GOD se storie

Om die wêreld te help uit die greep van sonde en versoekings steur die Vader sy Seun as baba na die aarde. Hy leef vir meer as 30 jaar tussen ons en as die Vader dan met Jesus se doop publiek bekend maak dat Jesus Sy seun is dan neem die Gees Hom weg vir 40 dae van versoekings. Ons sien daarin dat die Vader weet dat dit vir ons belangrik sal wees dat die Een wat ons kom help self nie sukkel met of toegee aan versoekings nie. Die heel eerste wat Jesus hanteer is versoekings en die eerste oorwinning namens ons is teen versoekings.

Rituele en gewoontes

Maak 'n plakkaat waarop staan:

Ons KAN alle versoekings weerstaan – danksy Jesus!

Plak dit die week op in julle huis waar julle dit heeltyd kan sien.